SNOEK-EN-PATAT FEES

Op Saterdag 15 September kan lidmate vanaf 11:30 tot 13:00 heerlik kom saam kuier by die kerksaal. Teen R60 kan jy weskus-snoek en patat eet saam met tuisgemaakte brood. En as jy dit liewer by die huis wil eet, is jy welkom om dit as 'n wegneem-ete te kry. Daar sal ook basaar-poeding teen R10 'n bakkie te koop wees. Ten bate van die boufonds. Kaartjies by die kerkkantoor en Albertyn Apteek.

VROUEBYBELSTUDIE

Dinsdag		
KB1-5	15:00	Maria Theron, Esseboomlaan 36
Sb4	09:30	
Sa3	15:00	Hester Müller, Kusweg 122
PM1	15:00	Soos gereël
PM3	15:00	Daleen Swart, Palmietweg 70
Sa4	15:00	Louna Conradie, Vierdelaan 120
Bb1-4	15:00	Hettie du Toit, Sesdelaan 27
HK3	15:00	Esmé Coetzee, Gladioluslaan 19
Woensdag		
KP	09:30	Kogelparksaal
HK1+2	09:30	Ida Mouton, Nerinalaan 16
Ba1-3	10:00	Ida le Roux, Sewendestraat 57
Sa1+2	10:00	Renske Jacobs, Tweedelaan 164
Sc1-4	15:00	Marika Blignaudt, Kusweg 42
PM2,4,5	15:00	Elsa en Nita, JS Maraisstraat 18
Sb1-3	15:00	Ruanda de Clerk, Vierdelaan 69

HANGKLIP BASAAR

Op Saterdag 3 November word daar basaar gehou in Hangklip. Hulle soek nog dringend na iemand wat bereid is om as sameroeper van die gebak-tafel op te tree. Dink daaroor en bied jou dienste aan by ds. Steven (072 352 8347) of Riekie Nel (084 704 4412)

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

2 September 2018

Welkom by die Erediens

08:30 Kerksaal - Dr. Chris Malan

09:00 Hangklip - Ds. Steven Sass

09:30 Kerkgebou - Dr. Chris Malan

Deurkollekte: Instituut vir Dowes

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Vanmiddag om 15:30 in die VG Kerk in Proteadorp.
Ds. Jannie Hougaard neem die leiding. Almal welkom.

Eredienste Sondag 9 September 2018
Getuienisfees

08:30	Kerksaal
09:00	Hangklip
09:30	Kerkgebou

Deuroffer: Plaaslike Getuienis

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Veral aan: Kelly Hanekom: BB3,
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Wilma de Villiers: Ba2,
Richard du Toit: Ba2, Lida Fourie: Bb1,
Piet Morton: Sb1 (☎4241), Frikkie von Wiellich: Bb2,
Jan Nel: Sa1 (☎3358), Johan Els: Sa1,
Julian Luyt: Sb1 (☎3482), Maria Human: Sc4,
Chris Grobler :PB3 (☎8783), Riti Turner KB1 (☎4917) en
Douglas Veldman: KB3.

Ons dink, na Mariaan Hattingh van BB3 se dood, aan haar seuns, Arno en Riaan. Ons bid ook vir Alta Geldenhuys (Sa4) en haar familie na Tienie se dood.

.. **EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar, gelukwens:

Suzanne Beukes (Ba1), Luke Cardoso (Ba3),
Bruce Houston (HK3).

DIE WEEK SE AKTIWITEITE

Sondag	18:00	Bybelskool in kerksaal Die Tien Gebooie in 2018
Maandag	17:30	Hangklip hou basaarvergadering
Dinsdag	08:30	Dagbestuur vergader
	16:30	Gebedsgroep
	18:30	Bid vir Sendelinge
Donderdag	16:00	Kooroefening

UITNODIGING: WAARDERINGSAAND

Daar word naamplaatjies gemaak vir hierdie geleentheid en daarom **MOET** almal asseblief voor 7 September laat weet as hulle die geleentheid gaan bywoon.

UIT DIE BEEK

Plaas nou reeds jou bestelling vir die UIT DIE BEEK van 2019. Barend Vos is die skrywer. Jy kan dit by die kerkkantoor bestel teen R160. In die handel kos dit R185.

LENTE-TEE

Op 29 September om 10:00 word daar by die sentrum in Bettysbaai 'n tee aangebied teen R60 per persoon.
Kom geniet 'n koppie tee en verversings en luister na die vertellings van twee bekende vroue. Die gasspreker is Benescke Janse van Rensburg (bekende skrywer en omroeper).
Rista Watts doen 'n voordrag oor
"Daar is 'n tyd vir alles." .
Kaartjies is by die kerkkantoor, Albertyn Apteek en die dienswerkers in Hangklip beskikbaar.

GEBEDSFOKUS

Bid saam met die gebedsgroep:

*Ons bid in ooreenstemming met Efesiërs 3:6 vir die gemeente: "..enigiemand wat in Christus Jesus glo word 'n kind van God en kry by God wat Hy vir al sy kinders gee. So 'n persoon is dan saam met die ander gelowiges die liggaam van Christus. Hy kry alles wat God aan Christus Jesus se mense beloof het. (vers 19) Mag God julle lewens met Sy teenwoordigheid oorspoel sodat daar nie 'n stukkie van julle lewens is wat nie deur God se teenwoordigheid geraak word nie."

*Ten opsigte van die politieke verwikkelinge in ons land bid ons soos dit in Efesiërs 3:20 geskryf staan: "God is so magtig en sterk…Hy kan en het dinge vir ons gedoen waarvan ons nie eers kon droom nie."

* Ons bid vir die gemeente se aktiwiteite soos die boufonds; die entepreneurs werkswinkel; die verskillende tees en feeste en veral vir die komende Getuienisfees. Bid vir elke persoon wat by die Getuienisfees sal optree. Bid vir al die praktiese reëlings. En vra dat die Here ons wat dit bywoon, se harte ontvanklik sal maak.

Kleinmond Getuienisfees 2018
8 tot 11 September

Jesus roep ...

Die Getuienisfees is die geleentheid waartydens ons as gemeente biddend moet fokus op ons getuienis as kerk van die Here en waarheen ons op pad is.

Die volledige program is soos volg:

Predikers van Sondagoggend 9 September:
Kerk: Ds. Richard Verreynne van World Thrust
Kerksaal: Ds. Hendrik Saayman
Hangklipsentrum: Ds. Dirk Coetzee van Kingfisher

Aandbyeenkomste:
Saterdagaand, jeugbyeenkoms in die VGK se kerkgebou om 18:00:
Ds. Kobus en Cora Viljoen van Child Evangelism Fellowship

Sondagaand in die kerksaal om 18:15
Ds Richard Verreynne en ds. Dirk Coetzee van Kingfisher

Maandagaand in die kerksaal om 18:15
Ds Richard Verreynne en dr. Ali Behardien (’n bekeerde moslem)

Dinsdagaand in die kerksaal om 18:15
Ds Richard Verreynne en ds. Hendrik Saayman

Op **Sondagmiddag 9 September** is daar ‘n **ete in die Hangklipsentrum** om 12:00 teen R60. Bespreek nog môre by kerkkantoor.

NG GEMEENTE KLEINMOND
VAKATURE: ORRELIS

Aansoeke word ingewag van toepaslik gekwalifiseerde persone vir die pos van orrelis.

Die orrelis is verantwoordelik vir begeleiding van die gemeente, d.m.v. die orrel, klavinova en klavier. Die orrelis tree op tydens eredienste, huwelike, begrafnisse en ook by ander geleenthede wat van tyd tot tyd in die loop van gemeentlike bedrywighede nodig mag wees.

Vergoeding en byvoordele is volgens die riglyne van die Sinode van Wes-Kaapland.

Rig u aansoek, vergesel van u CV, aan:
Die Bedieningsbestuurder
E-pos: nelineburger@gmail.com
Posadres: Posbus 162, Kleinmond, 7195

Sluitingsdatum:
14 September 2018

Datum van diensaanvaarding:
1 November 2018 of so spoedig moontlik daarna.

Navrae:
Ds. Hannes van Wyk, tel: 0282714322
E-pos: jwvwyk@gmail.com